

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende ‘man hu’ wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!!

Parashah 40: Balak – Balak

*Nou Balak, die seun van Tzippor, het alles gesien wat Yisra'el aan die Emoriete gedoen het.
Num. 22:2 – PWL¹*

Torah : Numeri 22:2 tot 25:9

Haftorah: Miga 5:6 tot 6:8

Nuwe Verbond: Matt. 24:11, 24; 2Pet. 2:1- 22; Judas 11; Open. 2:14 en 15.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 40 wat afgelaai kan word by:
http://nuwelied.info/?page_id=1182.

The safest road to hell is the gradual one – the gentle slope, soft underfoot, without sudden turnings, without milestones, without signposts. – C.S. Lewis.

Although we do not yet hear the shofar announcing the coming of the Messiah, the unseen world of spiritual darkness certainly does. – FFOZ, Balak 2018.

Nine-tenths of the difficulties are overcome when our hearts are ready to do the Lord's will, whatever it may be. When one is truly in this state, it is usually but a little way to the knowledge of what His will is. – George Mueller.

We can always be sure of one thing – that the messengers of discomfort and sacrifice will be stoned and pelted by those who wish to preserve at all costs their own contentment – Christopher Hitchens.

God has wisely kept us in the dark concerning future events and reserved for himself the knowledge of them that He may train us up in a dependence upon Himself and a continued readiness for every event – Matthew Henry.

Prophecy is an intercept from the mind of an all-knowing and all-seeing and all-powerful God. – Joel C. Rosenberg.

¹Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Torahbespreking

Hersiening

In verlede week se Torahskriflesing (*chukkat*) het ons geleer van יהוה se onderrig en instruksies aangaande die rooi verskalf en die reinigingswater. As deel van die ou verbond was die doel van die verbranding van die rooi verskalf, en die reinigingswater wat van die as berei was, ondermeer vir die seremoniële reiniging van 'n persoon wat met die dood in kontak was.

Net so is vertrou in Yeshua se folterdood en opstanding, as versoening met יהוה, die reiniging van elkeen wat geestelik dood was. Yeshua het aan die folterpaal gesterf sodat elkeen wat in Hom as Verlosser vertrou, gereinig kan word van die gevolge van die geestelike dood weens sonde wat oor ons elkeen geheers het.

Die verbranding van die rooi verskalf en die bereiding van die reinigingswater bevattende die as van die verskalf was slegs 'n fisiese sinnebeeld van 'n toekomstige geestelike werklikheid. Yeshua is die vervulling van hierdie wetsinstelling, want Hy is יהוה se Reinigingswater. Daarom sal enige toekomstige bereiding van reinigingswater, bevattende die as van 'n rooi verskalf, 'n verwerping wees van die vervulling van hierdie wetsinstelling deur Yeshua se dood en opstanding! Dit sal rebellie teen יהוה-God wees!

Die naam van hierdie week se Torahskriflesing is “Balak”. Hy was die seun van Tzipor en die koning van Mo'av. Maar ons kry weereens ook te doen met 'n vorm van rebellie teen יהוה wanneer ons leer van Bil'am wat sy eie begeertes bo die wil van God gestel het. Bil'am vertolk die “hoofrol” in hierdie week se Skriflesing wat vir ons opgeteken is weens die waardevolle lesse wat ons ook uit hierdie deel van Yisra'el se wildernistog moet leer!

Die Donkie-Oomblikke van ons Lewe

Die Mo'aviete, naamlik die afstammeling van Lot, en hulle koning Balak het gevrees dat die Yisra'eliete hulle land gaan oorneem en daarom het Balak boodskappers met die waarsêersloon in hulle hand na Bil'am gestuur met die versoek dat hy moet kom om Yisra'el te vervloek (Num. 22:2-7). Bil'am het hulle geantwoord: “Bly vannag hier oor, dan sal ek vir julle woord bring soos יהוה met my mag praat”.

Bil'am het egter geweier om saam met die boodskappers te gaan, want יהוה het vir hom gesê: “Jy mag nie saam met hulle gaan nie, jy mag die volk nie vloek nie, want hulle is geseënd” (Num. 22:12).

Balak het egter die boodskappers 'n tweede keer gestuur en dié keer het Bil'am ingestem om saam met die boodskappers te gaan, hoewel hy geweet het dat dit nie יהוה se wil was nie!

Bil'am het die oggend opgestaan, sy donkie opgesaal en saam met die leiers van Mo'av gegaan. Num. 22:21.

Maar die toorn van God het ontvlam en die boodskapper van יהוה het Homself as teëstander in die pad geplaas. Bil'am het egter nie die boodskapper gesien nie, slegs sy donkie het! Telkens het die donkie die boodskapper ontwyk en telkens het Bil'am die donkie geslaan! Maar later was hulle op 'n gedeelte van die pad waar die donkie nie na links of regs kon uitdraai nie en sy het toe onder Bil'am gaan lê en hy het die donkie met sy staf geslaan. Maar dan lees ons:

31 Toe maak יהוה Bil'am se oë oop en hy sien die boodskapper van יהוה in die pad staan met Sy uitgetrekte swaard in Sy hand en hy het neergebuig en op sy gesig op die grond geval.

32 Die boodskapper van יהוה vra vir hom: “Hoekom het jy jou donkie hierdie drie keer geslaan? Let op, Ek het as 'n teëstander teen jou uitgekom, want jou pad loop onaanvaarbaar voor My uit!

33 Die donkie het My gesien en hierdie drie keer voor My uitgedraai. As sy nie voor My uitgedraai het nie, sou Ek jou nou doodgemaak en haar laat lewe het.”

Bil'am se eiesinnigheid en sy hardkoppige ongehoorsaamheid het hom geestelik blind gemaak sodat hy, eerstens, nie die boodskapper van יהוה kon sien nie en, tweedens, nie besef het dat die irriterende optrede van die donkie sy lewe gered het nie! Daarom het יהוה vir Bil'am gesê: “As sy nie voor My uitgedraai het nie, sou Ek jou nou doodgemaak en haar laat lewe het.”

Ons lewe is dikwels vol hindernisse wat as ergernisse beskou word wat ons planne en verwagtinge in die wiele ry. Ons word maklik ongeduldig en omgekrap met dinge of met mense wat ons verhinder om dit te bereik wat ons onself ten doel stel!

Dit is in dié opsig wat Bil'am ons 'n les leer. Hierdie frustrerende hindernisse wat in ons pad staan, kan moontlik deur Vader-God se toedoen wees! Daarom moet ons altyd die woorde van יהוה soos deur Yesha'yahu gespreek is, onthou (Jes. 55:8-9).

8 want My gedagtes is nie julle gedagtes nie en julle manier is nie My manier nie,” verklaar יהוה,

9 want soos die hemel hoër is as die aarde, so is My metodes hoër as julle metodes en My gedagtes as julle gedagtes.

In stede daarvan om gefrustreerd en ongeduldig te word, moet ons eerder vra dat ons deur die Afgesonderde Gees gelei word om Vader-God se plan en wil vir ons raak te sien en ons help om in gehoorsaamheid deel daarvan te wees.

Ons moet onthou dat Vader is nie beperk in die wyse wat Hy ons tot ander insigte bring nie – Hy kan selfs 'n donkie gebruik!! Daarom moet ons nie die “donkie-oomblikke” in ons lewe noodwendig beskou as die werk van Satan nie, want יהוה-God kan moontlik self daarvoor aandadig wees!

Maar die belangrikste les wat ons uit die geskiedenis van Bil'am leer, is dat wanneer יהוה “nee” sê vir dit wat ons vra, dan is dit “NEE” en nie “miskien” nie!

Bepeins of bespreek

1. Loop ons nie ook dikwels in geestelike blindheid wanneer ons hardkoppig weier om volgens יהוה se Torah te leef nie? Wat gebruik Vader-God om ons tot ander insigte te bring?

Die Rebelle van Bil'am

In Num. 22:20 lees ons dat יהוה het die tweede keer vir Bil'am wel toestemming gegee om saam met die boodskappers te gaan:

God het in die nag na Bil'am gekom en gesê: “As die mans dan gekom het om jou te roep, staan dan op, gaan saam met hulle, maar net die woord wat Ek vir jou sê, dit moet jy doen.”

Nou is die vraag: Hoekom het God se woede dan teen Bil'am ontvlam? Ons moet onthou dat יהוה ken elke mens se hart (verstand, wil en emosie) beter as wat die mens sy eie hart ken. Derhalwe het God geweet wat Bil'am se werklike begeerte was, naamlik om vir eie gewin saam met die boodskappers van Balak te gaan. Hierdie was as rebellie gereken, want Bil'am het nie gehoor gegee aan God se aanvanklike antwoord dat hy nie mag gaan om Yisra'el te vervloek nie (Num. 22:12).

Tweedens is die mens se wil soewerein en kan God net omstandighede skep om die mens se wil te beïnvloed. Die boodskapper van יהוה en die donkie was die omstandighede wat יהוה geskep het om Bil'am se geesteslike oë oop te maak. Daarom lees ons in Num. 22:34 van Bil'am se besef dat hy gesondig het:

Bil'am sê vir die boodskapper van יהוה: “Ek het gesondig, want ek het nie geweet dat U teenoor my in die pad gestaan het nie; daarom nou, as dit onaanvaarbaar in U oë is, sal ek teruggaan.”

Maar hierdie berou van Bil'am was slegs wêreldse berou, naamlik berou oor die gevolge van sy sonde en nie oor die oorsaak van sy sonde nie. Bil'am het steeds nie 'n hartsverandering van sy gesindheid ondergaan nie! Nee, sy eie belange het steeds voorrang geniet! Daarom word hy gereken onder die vals profete soos wat ons in 2Pet. 2:15-18 lees.

15 Toe hulle die regte pad verlaat het, het hulle afgedwaal en die pad van Bil'am, die seun van B'or, gevolg, wat die loon van die bose liefgehad het,
 16 maar bestraf is vir sy oortreding deur die stom donkie wat gepraat het met die stem van 'n mens en die mallyheid van die profeet verhoed het.
 17 Hulle is fonteine sonder water; wolke gedryf deur 'n storm, vir wie die swartheid van die duisternis bewaar word,
 18 want wanneer hulle leë verskrikkinge kwytraak, verlei hulle, deur die vuil begeertes van die vlees, dié wat deur 'n paar woorde ontvlug het van hulle wat in misleiding se diens is.

En in Judas vers 11 lees ons:

Wee hulle, wat op die pad van Kayin gegaan het en agter die misleiding van Bil'am aan, met blydschap vir geld betower is en vernietig is in die rebellie van Korag.

Bil'am het die loon van die bose liefgehad! Hy is 'n voorbeeld van 'n profeet wat sy eie onpartydige opregtheid opgerig het!

Bil'am dien as waarskuwing aan ons dat in die laaste dae sal daar ook die vals profete wees soos wat Yeshua ons gewaarsku het:

Pas op vir die vals profete! Hulle kom in skaapsklere na julle toe, maar van binne is hulle plunderende wolwe. Matt. 7:15.

Hierdie vals profete sal die waarheid en die leuen meng om dit meer ontvanklik te maak vir die mense. Soos Sha'ul skryf:

3 want daar kom 'n tyd dat hulle die ware leer nie sal gehoorsaam nie, maar leermeesters bymeekaarmaak volgens hulle eie begeertes, wat hulle gehoor kan streef
 4 en hulle sal hulle ore van die waarheid af wegdraai en na fabels toe draai. 2 Tim. 4:3-4.

Bil'am se optrede was *more for the profit motive than the prophet motive*.

Nie net het Bil'am sy eie belange vooropgestel nie, maar wou hy graag vir Balak tevrede stel. Bil'am was dus 'n *people pleaser*, veral as dit vir homself voordelig was. Maar hy was oortuig dat hy getrou aan יהוה was, hoewel hy met sy een voet in die wêreld gestaan het en met sy ander voet in gehoorsaamheid aan יהוה.

Bil'am is daarom ook die sinnebeeld van gelowiges wat die geestelike en die vleeslike meng en glo dat hulle יהוה in Gees en in waarheid dien (Joh. 4:24). Maar in werklikheid rebelleer hulle teen יהוה deur hulle eie onpartydige opregtheid op te rig, want hulle ken nie God se onpartydige opregtheid nie (Rom. 10:3).

Bepeins of Bespreek:

1. Dit is duidelik dat Bil'am die stem van יהוה gehoor het en dat hy die woorde van God geprofeteer het, en tog is Hy saam met die Midianiete uitgewis as vyand van God. So ook word Bil'am voorgedhou as 'n voorbeeld van die valse leraars (2Pet. 2:15) en word daar na die verleiding van Bil'am verwys (Judas 11), asook na hom as 'n struikelblok in die weg van Yisra'el (Open. 2:14). Is Bil'am nie moontlik een van diegene na wie Yeshua in Matt. 7:13-24 verwys nie? Kan Bil'am nie ook vra: Maar het ek nie in U Naam geprofeteer nie...!(vers 22). Dien hierdie nie as ernstige waarskuwing dat hoewel יהוה mense in Sy Raadsplan gebruik, dit opsigself nie noodwendig die bewys is van die salwing van יהוה en van God se onpartydige opregtheid nie?
2. Hoewel Bil'am homself beskou het as iemand *met geopende oë, as die hoorder van God se woorde en wat die Allerhoogste ken* (Num. 24:4, 15-16), het 'n donkie meer geestelike insae gehad. Ironies dat Bil'am 'n hele volk met sy woorde wou vernietig (vervloek), maar hy benodig 'n stok en 'n swaard om sy donkie tot gehoorsaamheid te dwing!?! Hy het woorde vir geweld (dreigemente) verruil. So het 'n donkie die ware Bil'am ontbloot en dit nogal in die teenwoordigheid van die afgevaardigdes van Balak!

Profete en profesie.

Bil'am was bekend as 'n profeet wat klaarblyklik "internasionale erkenning" geniet het, want Balak van Mo'av het van Bil'am gesê: "want ek het opgelet dat die een wat jy seën, geseënd is en die een wat jy vervloek, vervloek is (Num. 22:6). Maar die volgende kan egter aangaande Bil'am gevra word: Was hy 'n ware of vals profeet? Was hy nie maar net 'n fortuinverteller en geestebesweerder nie?

Indien ons Bil'am meet aan die definisie van 'n ware profeet volgens die Skrifte, dan is hy 'n vals profeet! 'n Ware profeet word deur יהוה aangestel en is daarom God se afgevaardigde (verteenwoordiger) met 'n profetiese woord aan Sy volk Yisra'el. 'n Ware profeet bring die boodskap wat in יהוה se hart is sonder om dit te bevraagteken of om, soos Bil'am voorkeur aan sy eie begeertes te wil gee! En dan die mees belangrike is dat 'n ware profeet tree nooit in eie belang op nie!!

Bil'am het nie voldoen aan die vereistes van 'n ware profeet nie. Nee, sy eie belange het voorrang geniet!

Ya'acov Natan Lawrence in sy artikel "Understanding the ministry of a prophet", beskryf hy die bediening van 'n profeet soos volg:

A prophet is one who hears the word, heart and will – or oracles – of יהוה and accurately transmits what he has heard only to those to whom יהוה has told him to go, and only when and where he has been told to go. If that prophet does not follow יהוה's specific

instructions in this regard, then יהוה will hold him accountable. If he repents for his disobedience (like Nathan the prophet did when he told David to build the Temple, 2 Sam 7:3–17) then he will still remain a prophet before יהוה. If he does not repent, then יהוה considers him to be a false prophet and יהוה's judgment will come against that false prophet (e.g. Jer. 23:9–40). (<http://www.hoshanarabbah.org/pdfs/propheticmin.pdf>.)

'n Profesie is 'n boodskap wat deur יהוה geïnspireer is en is daarom 'n goddelike openbaring. Die Apostel Petrus stel dit soos volg in 2Pet. 1:19-21:

¹⁹Vir ons is daar ook die waarheid van die profetiese woord, wat julle goed sal doen om na te kyk soos na 'n lamp wat in 'n donker plek skyn totdat die dag aanbreek en die son sal skyn in julle verstand, wil en emosie

²⁰Eerstens moet julle dít weet: geen profesie word uitgelê deur die een wat dit skryf nie,

²¹want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens gebring nie, maar wanneer deur die Gees wat Afgesonderd is beweeg, het die afgesonderde mense van God gepraat.

'n Profeet is dus iemand wat boodskappe van יהוה ontvang en dit aan ander oordra!

Volgens bogenoemde kan ons onderskeid maak tussen 'n ware en vals profeet. Indien hierdie saam gelees word met 1Pet. 2:15-18, veral verse 15-16, kry ons meer insae in die karakter van Bil'am en bevestiging dat hy 'n vals profeet was:

¹⁵Toe hulle die regte pad verlaat het, het hulle afgedwaal en die pad van Bil'am, die seun van B'or, gevolg, wat die loon van die bose liefgehad het,

¹⁶maar bestraf is vir sy oortreding deur die stom donkie wat gepraat het met die stem van 'n mens en die malligheid van die profeet verhoed het.

Volgens Hitchcock's Bible Names beteken Bil'am *die vernietiger van mense* en volgens Jones' Dictionary of Old Testament Proper Names beteken dit *die verwarder van die mense!*

'n Vals profeet is die vernietiger van mense en die een wat mense verwar! Hy is nie יהוה se vriend nie en ook nie die vriend van mense nie! יהוה se hartsgesindheid as Verlosser van mense was nie die hartsgesindheid van Bil'am nie en daarom is Bil'am die sinnebeeld van die hartsgesindheid van vals profete. Onthou: 'n Ware profeet se boodskap bevat יהוה se tugtiging, maar ook God se reddende onverdiende guns deur vertrouwe in Yeshua as dié Gesalfde Een.

Op geen stadium het Bil'am hierdie profetiese rol teenoor Balak vervul nie. Nee, hy het sy eie belange voorop gestel en was bereid om Yisra'el te vervloek en sodoende sy naam as *vernietiger en verwarder van mense* gestand te doen, want die waarsêersloon wat hy aangebied was, was baie aanloklik.

Aan beide die afvaardigings van Balak het Bil'am hom egter voorgedoen as 'n profeet wat יהוה se stem hoor en slegs die dinge spreek wat יהוה hom beveel (Num. 22:13, 18, 38 en Num. 23:12). Daarom het hy aan die eerste afvaardiging gesê: “Gaan terug na julle land, want יהוה het geweier om my saam met julle te laat gaan.”

Bil'am was egter nie tevrede dat hierdie die finale antwoord van יהוה was nie, en daarom was hy bereid (begerig) om ook na die tweede afvaardiging van Balak te luister en 'n tweede keer by יהוה te gaan hoor of hy Yisra'el mag vervloek (Num. 22:15 tot 19). Dat hy telkens wel net die woorde van יהוה gespreek het is waar, maar dit was nie wat hy graag wou doen nie. Nee, hy was heeltemal bereid om Yisra'el te vervloek. Bil'am het met sy mond יהוה vereer, maar sy hart was vêr van God af (Jes. 29:13; Matt. 5:18).

Nou kan wel gevra word of dit dan nou regtig verkeerd van Bil'am was om twee keer na יהוה met dieselfde versoek te gaan? Yeshua het dan gesê dat ons moet aanhou vra, soek en klop (Matt. 7:7-8) en met die gelykenis van die onregverdige regter het Hy ons geleer om soos die weduwe aanhoudend te vra (Luk. 18:1-8)!? Die les wat die geskiedenis van Bil'am, asook dit wat Yeshua ons leer, is egter dat:

- ❖ Ons moet aanhou vra tot ons 'n antwoord kry. Daardie antwoord moet ons dan as finaal aanvaar en dan nie probeer om יהוה van plan te laat verander deur ons gebede nie. Ons moet onthou dat in יהוה is daar geen verandering of skaduwee van omkering nie (Jak. 1:17). **MAAR**,
- ❖ Dan moet ons ook net dit vra wat met Torah versoenbaar is. Ons kan nie vir dit vra wat teenstrydig met יהוה se Torah is nie!
- ❖ Ons hartsgesindheid, naamlik dit wat ons motiveer om te vra, is ook uiters belangrik. Vra ons met 'n gesindheid waar ons Vader-God se vereistes vooropstel? Vra ons met 'n opregte bedoeling dat יהוה se wil moet geskied en nie ons wil nie?

Bil'am moes die Woord van יהוה onvoorwaardelik geglo het toe God vir hom gesê het om nie Yisra'el te vervloek nie, want hulle is geseënd. En dit wat God geseënd het kan nie vervloek word nie! Verder moes Bil'am geweet het dat Yisra'el יהוה se uitverkore volk was. Waarom dan nog vra of hy יהוה se volk kan vervloek? Bil'am was selfsugtig en wou hê dat sy wil moet geskied en nie יהוה-God se wil nie! Hy het inderdaad teen יהוה gerebelleer!! Bil'am was 'n vals profet!!

In genoemde artikel van Ya'acov Natan Lawrence rig hy ook die volgende waarskuwing:

Today there are many individuals in the church who claim to have prophetic gifts, and some even believe they are prophets, but they have become lifted up in pride and at the same time are ignorant of and ambivalent toward the Torah. This is a disastrous situation within the Christian church and is having ruinous effects upon many believers' lives. These individuals are claiming to speak for יהוה, yet are often speaking out of the imaginations of their own souls (or worse, some may even be listening to demonic spirits) and may be leading many people astray spiritually. This is the biblical definition of a lying or false prophet (e.g., see Jer 23:9-40).

Bepins of Bespreek

1. Bil'am is ook 'n sinnebeeld van die Bavel godsdienststelsel van die einde van die eeue (Open. 13:11) en waarvan die Vals Profet die godsdienstige hoof sal wees (Open. 16:13; 19:20 en 20:10). Daarom verwys Open. 2:14 na die leer van Ba'alm wat 'n struikelblok voor die kinders van Yisra'el was en so ook in die einde van die eeue sal wees. Hierdie Bavelgodsdienst sal 'n mengsel van die goeie en die bose wees wat ons herinner aan die boom van kennis van goed en kwaad wat Adam en Havah bekoor (mislei) het om af te dwaal van יהוה se weg van waarheid en geregtigheid. In die einde van dae roep יהוה Sy volk om uit Bavel uit te kom (Open. 18:4-5).

Bestaan hierdie Bavelgodsdienst reeds? Wie en wat is hierdie hedendaagse Bavel? Tot watter mate het jy gehoor gegee om uit haar uit te kom sodat jy nie gemeenskap met haar sondes sal hê nie? Onthou ook Yeshua se waarskuwing van die vals profete (soos 'n Bil'am) wat in die laaste dae sal verskyn om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei (Matt. 24:24). Hoeveel ware profete is daar vandag?

2. Slaag ons altyd daarin om 'n ware profeet van 'n vals profeet te onderskei? Is die onderskeid tussen 'n ware profeet en 'n waarsêer (fortuinverteller) altyd duidelik? Die eerste toets is of die boodskap van die profeet in harmonie is met YHWH se Torah, m.a.w. is dit 'n voortsetting van wat reeds deur יהוה se Woord onomwonde gesê is of is dit die boodskapper se eie woorde? Die profeet se woorde moet dus ooreenstem met die Tanakh en Apostoliese Skrifte. Maar dit opsigself is nie genoegsame bevestiging van 'n ware profeet nie. 'n Boom word aan sy vrugte geken en daarom is die karakter en hoedanighede van die persoon deurslaggewend of dit 'n ware profeet is of nie. Is dit nie ondermeer die les van hierdie week se Torahskriflesing nie?
3. Talle wat bely dat hulle op grond van hulle vertroue in die gekruisigde en opgestane Gesalfde Een gered is, wil al die seëninge van יהוה deelagtig wees sonder om die Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is, gehoorsaam te wees. Is dit nie 'goedkoop' genade nie?

Cheap grace is the theology that expects the benefits of grace without the sacrifice of obedience – Bonhoeffer

Is Open. 12:11 op jou van toepassing, veral die gedeelte wat sê: *en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie!* Is jy 'n lewende, afgesonderde en aan יהוה 'n welgevallige offer (Rom. 12:1) wat bereid is om te sterf vir wat jy glo?

4. Talle gelowiges probeer so naby as moontlik aan יהוה lewe sonder om die wêreldse dinge ten volle prys te gee en soos Avraham oor te gaan (*ahvar – cross over*) en 'n Hebreër (*Ivrit*) te word. Avraham het deur sy vertroue wat hom regverdig verklaar het (Gen. 15:6) 'oorgegaan' tot gehoorsaamheid aan יהוה (Gen. 26:4-5). Alleenlik diegene wat bereid is om te doen wat Avraham gedoen het, kan aanspraak maak as die nageslag van Avraham en deel in die beloofde seëninge!
5. Wat is die leer van Bil'am? (2Pet. 2:15, Judas 1:11, Open. 2:14). Dit is om te verkondig dat Yeshua nie dié Gesalfde Een is nie. Rabbynse Judaïsme is daarom ook die leer van Bil'am, want hulle verkondig nie dat Yeshua die Verlossing is wat יהוה belowe het en wat wat reeds gekom het nie! En tog is daar talle in die Messiaanse Beweging wat sê dat ons Torah by die Rabbies moet gaan leer!!

Almal Is Profete!

Die eerste keer waar ons in die Skrifte lees van 'n profeet is in Gen. 20:7 toe יהוה vir Abiméleg, die koning van G'rar, gesê het om Avraham se vrou, Sarah, aan hom terug te gee.

Gee nou die man se vrou terug, want hy is 'n profeet en hy sal vir jou bid sodat jy kan lewe, maar as jy haar nie teruggee nie, weet dan dat jy die dood sal sterf, jy en alles wat aan jou behoort.

Ons geestelike voorvader Avraham was dus ook 'n profeet! Het jy al ooit so daaraan gedink? Is ons as die nageslag van Avraham op grond van ons vertroue in Yeshua as dié Gesalfde Een (Gal. 3:7 en 29) dan nie ook profete nie?

Die antwoord vind ons ondermeer in die betekenis van die Hebreeus vir profeet soos dit ten opsigte van Avraham, asook die ander profete van die Tanakh, gebruik word, naamlik *nabee* (נביא). Volgens Easton's Bible Dictionary is dit afkomstig van die grondwoord *naba* wat

beteken *om te borrel soos 'n fontein*. 'n Profeet is dus soos 'n fontein wat borrelend is en die woorde van יהוה voortbring! Dit herinner ons aan die woorde van Yeshua toe Hy gesê het:

maar elkeen wat sal drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein van water word wat sal opspring tot die ewige lewe. Joh. 4:14.

Elkeen wat in My vertrou, soos die Skrif sê: 'Riviere van lewende water sal uit sy binneste vloei'. Joh. 7:38.

Bil'am word egter nie 'n *nabee* (profeet) genoem nie, maar 'n *kasam* wat *waarsêer* (*voorspeller*) beteken (Jos. 13:22).

Yeshua is die Lewende Water – die Fontein van Lewe – waarvan ons moet drink en ook vir ander moet gee om van te drink!

Elkeen wat dus 'n verkondiger is van die woord (boodskap) van יהוה is 'n profeet! Elkeen wat die goeie nuus van Yeshua as dié Gesalfde Een as יהוה se verlossing verkondig, is 'n profeet. Dit is om ander deur woord en daad te lei tot die bron van Lewende Water. Ons behoort soos 'n borrelende fontein te wees!

My binneste borrel oor van goeie nuus en ek vertel my dade aan die koning; my tong is die pen van 'n vaardige skrywer. Ps. 45:1.

Terwyl dit waar is dat ons almal profete is, is ons egter nie almal aangestel in die amp van profeet nie! Dit is alleen יהוה wat 'n persoon kies en aanstel in die amp van profeet. Soos יהוה Sy profete van die ou verbond gekies en in die amp aangestel het, so doen Hy dit steeds in die nuwe verbond.

11 en Hy het sommige as afgevaardigdes, sommige as profete, sommige as boodskappers van die goeie boodskap en sommige as herders en sommige as leermeesters gegee,

12 om die afgesonderdes volledig te maak vir hulle dade in die bediening tot opbouing van die liggaam van Die Gesalfde Een

13 totdat ons almal een sal wees in vertroue en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeiheid van dié Gesalfde Een. Efes. 4:11-13.

Om profeet van die nuwe verbond te wees is een van die ampte van die vyfvoudbediening en een van die gawes van die Afgesonderde Gees soos Sha'ul dit in 1Kor. 12:7-11 verduidelik.

7 maar aan elke persoon word die manifestasie van die Gees gegee soos dit hom help.

8 Daar word aan hom, deur die Gees, 'n boodskap van wysheid gegee, maar aan 'n ander 'n boodskap van kennis, in hom, deur die Gees;

9 aan 'n ander vertroue in hom deur die Gees, aan 'n ander die gawe van gesondmaking in hom deur die Gees,

10 maar aan 'n ander wonderwerke, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van geeste, aan 'n ander verskillende tale en aan 'n ander die vertaling van tale.

11 Al hierdie dinge doen die een Gees en deel uit aan elkeen soos Hy wil.

Prophecy is True and Sacred and should never be mishandled by people who have no business speaking about Sacred Things in GOD'S Name. – Errol Anthony Smythe.

Bepeins of Bespreek

1. Moet baie van hedendaagse profete nie eerder, soos 'n Bil'am, as waarsêers of voorspellers (*kasam*) beskryf word nie? Verwys ook Deut. 13:1-5 wat יהוה se skietlood van 'n ware profet ('n *nabee*) is!

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.